# WERK JULLE EIE HEIL UIT

MET VREES EN BEWING; WANT DIT IS GOD WAT IN JULLE WERK OM TE WIL SOWEL AS OM TE WERK NA SY WELBEHAE.

Fillippense 2:12,13

G.M. BOERSEMA

# WERK JULLE EIE HEIL UIT

’N TIEN WEKE DISSIPELSKAP-KURSUS

SCRIPTURA
PUBLIKASIES

G.M. BOERSEMA

**GUIDO MARNIX BOERSEMA**

Eerste druk: Oktober 2020
Tweede druk: Junie 2021

Uitgegee deur
Scriptura Publikasies © 2020
**www.scriptura.co.za**

# Watter onderwerpe hanteer ons in die boek?

**BAIE WELKOM** | Hier is antwoorde op 'n paar gereelde vrae rondom hierdie boekie 5

**WEEK 1** | Wat beteken dit om 'n "dissipel" te wees? 9

**WEEK 2** | Wie is God? Wie Hy is en wat Hy doen 13

**WEEK 3** | Wie is God? Vader, Seun & Heilige Gees 19

**WEEK 4** | Wie is ek? 27

**WEEK 5** | Die Evangelie en die uitwerking daarvan 33

**WEEK 6** | Die wedergeboorte 39

**WEEK 7** | Lidmaat van die Kerk 45

**WEEK 8** | Die Bybel 51

**WEEK 9** | Gebed 57

**WEEK 10** | Die laaste dae 61

**ADDENDUM** | Voorbereiding vir my openbare belydenis van geloof 67

**BAIE WELKOM**

# Hier is antwoorde op ’n paar gereelde vrae rondom hierdie boekie:

## 1. VIR WIE IS HIERDIE HANDLEIDING?

Vir jou, wat:

- nuut is tot die Christelike geloof;
- graag weer jouself wil opskerp in die grondbeginsels van die Christelike geloof;
- wil weet wat dit beteken om ’n dissipel van Jesus te wees;
- wil voorberei om belydenis van geloof af te lê.

## 2. WAT BETEKEN “WERK JULLE EIE HEIL UIT”?

Die naam vir die kursus kom uit Filippense 2:12, waar Paulus die gemeente aanmoedig om die verlossing wat hulle in Christus ontvang het,

ook nou praktyk te maak. Dit beteken nie dat ons onsself kan of wil red nie (ons eie heil kan bewerk nie). Inteendeel. Dit beteken om as Christene daadwerklik vir onsself uit te maak wat ons Christenskap beteken en ook te lééf soos Christene. Gehoorsaamheid is die bewys van ons geloof.

> *"...**werk julle eie heil uit** met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae." (Fil. 2:12,13, '53 vertaling)*

> *"...**werk** met vrees en bewing **aan julle verlossing**. Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God." ('20 BDV vertaling)*

## 3. WAT WORD VAN MY VERWAG?

Hierdie handleiding bevat die kern leerstellings van die Christelik-Gereformeerde leer. Elke week is daar 'n les wat bestaan uit die volgende afdelings:

### | *lees & oordink*

Die afdeling bevat Bybeltekste en gedeeltes uit ons belydenisskrifte wat gelees en oordink word. Die Gereformeerde belydenisskrifte is die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus & Dordtse Leerreëls (beskikbaar agter-in die Psalmboeke).

## | *kyk & luister*

Die afdeling bevat multimedia dokumente waarna jy kan kyk en luister om die tema wat bespreek word nog beter te verstaan. Die leêrs se skakel sal vir jou gestuur word. Versoek dit andersins asb. via e-pos (marnix@scriptura.co.za)

## | *bespreek*

In hierdie afdeling kom die toepassing van die tema deur middel van vrae wat jy beantwoord en geleentheid om opmerkings te maak wat jy tydens ons afspraak kan bespreek. Elke week word daar van jou verwag om die week se les deur te werk. Ons maak ook weekliks ’n afspraak om saam te gesels oor elke betrokke week se tema. Bring asb. al jou vrae, notas ensomeer saam!

## | *deel & doen*

Doen en pas dit wat jy leer toe in jou lewe en deel iets wat jy geleer het met iemand anders! Om ’n dissipel van Christus te wees, beteken om daders van die woord te wees en nie net hoorders nie.

**WEEK 1**

# Wat beteken dit om 'n "dissipel" te wees?

## | *lees & oordink*

- Johannes 1:36,37
- Handelinge 11:26
- Romeine 12:1,2
- Heidelbergse Kategismus Sondag 7:22 & 12:32

KERNGEDAGTES: 'n ***Dissipel*** van Jesus is 'n ***lewenslange volgeling*** van Christus - 'n "***Christen***".

1. Christene glo daar is **een Goddelike Wese bestaande uit drie Persone**: Vader, Seun & Heilige Gees.
2. As Christen weet en erken ek, dat **ek weens my sonde verlore en verdoem is**.
3. As Christen **erken en aanvaar ek Jesus Christus as die Lam van God,** wat gekom het **om my van my sondes te verlos**!

   i. Jesus Christus is die Seun van God en is self ook God.
   ii. Jesus is as mens gebore uit die maagd Maria.

iii. Jesus het sy lewe lank op aarde gely en het aan die kruis gesterf.
iv. Jesus het op die derde dag opgestaan uit die dood.
v. Jesus het opgevaar na die hemel.
vi. Jesus stuur Sy Heilige Gees om aan mense die wedergeboorte te skenk.

4. As Christen is ek **wedergebore deur die Gees** en **volg ek nou as dissipel lewenslank** die Messias wat my gered het!

## | *kyk & luister*

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Is jy 'n dissipel van Jesus Christus en hoekom sê jy so?

______________________________
______________________________
______________________________

2. Is jy 'n ware Christen, volgens die definisie wat ons in die Skrif vind?

______________________________
______________________________
______________________________

3. Wat moet jy doen om 'n dissipel van Jesus Christus te word?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Is daar enige vrae of ander opmerkings oor Christenskap wat jy wil bespreek?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

## | *deel & doen*

**'n Paar idees:**

- ☐ Vra iemand hierdie week wat hy/sy dink 'n dissipel van Jesus Christus is en deel wat jy hier geleer het.
- ☐ Nooi iemand uit, om saam met jou deur hierdie boekie te werk en saam te leer hoe om Jesus te volg.

**WEEK 2**

# Wie is God?
# Wie Hy is en wat Hy doen

## | *lees & oordink*

KERNGEDAGTES: God leer ons in Sy Woord ***wie*** Hy ***is*** en ***wat*** Hy ***doen***.

Die beskrywings in die Bybel van wie en hoe God is, kan ons sy ***deugde*** noem.

- ***Sommige van Sy deugde het Hy ook in mense ingeskape***, soos regverdigheid, barmhartigheid en liefde.
- Daar is egter ook ***sommige deugde wat Hy nie met mense deel nie***, soos bv. Sy drie-eenheid, alomteenwoordigheid en almag.

Hier is net **'n paar** van God se deugde:

1. GOD IS DRIE-ENIG

- Genesis 1:26
- Lukas 3:22

- Heidelbergse Kategismus Sondag 7:22,23 & 8:25
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikels 1,8 & 9
- Die Geloofsbelydenis van Athanasius

KERNGEDAGTES: God is ***een Wese***, maar ***drie Persone***.

***Elke Persoon*** in die Drie-Eenheid:

a. is waarlik en ewig ***God***;
b. is ***hulle eie Persoon***, maar tog ***nooit geskei*** van die res van die Drie-Eenheid nie.

## 2. GOD IS SOEWEREIN

- Jesaja 45:7-9
- Spreuke 16:33
- Matteus 10:29-31
- Kolossense 1:16,17
- Heidelbergse Kategismus Sondag 10:27,28

KERNGEDAGTE: God is die almagtige ***Alleenheerser*** en ***Hy doen wat Hy wil.***

## 3. GOD HET 'N RAADSPLAN

- Psalm 73:24
- Spreuke 19:21

- Jesaja 46:10
- Efesiërs 1:11
- Dordtse Leerreëls 1:6

KERNGEDAGTES: God se Raadsplan is Sy ***soewereiniteit in aksie*** - Hy het van ewigheid af ’n ***plan*** waarvolgens Hy werk.

Hierdie raadsplan is:

a. ***ewig***;
b. ***wys,*** want God weet wat is die beste;
c. ***vry***, wat beteken niks of niemand het hom forseer of gebind nie;
d. ***onveranderlik***.

## 4. GOD IS REGVERDIG & BARMHARTIG

- Levitikus 10:3
- Romeine 8:3,4
- Heidelbergse Kategismus Sondag 4:9,10 & 5:11,12
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 20

KERNGEDAGTES: God is ’n regverdige God en daarom moet Hy ’n regverdige ***oordeel oor boosheid*** (sonde) handhaaf.

Hy is ook barmhartig, wat beteken Hy is ***genadig*** en ***liefdevol*** en Hy ***red*** sommige mense van hulle sonde.

## | *kyk & luister*

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Hoekom is dit belangrik om te weet wie God is?

2. As God soewerein is en 'n raadsplan het, beteken dit dat jy nie jou eie keuses kan maak nie?

3. Het God 'n plan met al die swaarkry en hartseer in jou lewe? Kan jy aan 'n voorbeeld dink waar jy die Here se plan in jou lewe sien?

4. Hoe kan God tegelyk regverdig (Hy moet sonde straf), maar ook barmhartig wees (Hy vergewe die sonde)?

Is daar enige vrae of ander opmerkings oor God se deugde en wie Hy is, wat jy wil bespreek?

## | *deel & doen*

**’n Paar idees:**

- ☐ Troos ’n vriend of vriendin wat swaarkry met die leer van God se soewereiniteit en Sy Raadsplan.
- ☐ Betoon barmhartigheid aan iemand as ’n manier om vir hom/haar te wys hoe God barmhartig is teenoor jou.

**WEEK 3**

# Wie is God? Vader, Seun & Heilige Gees

## | *lees & oordink*

1. GOD DIE VADER

1.1. Die Vader het geskep

- Genesis 1:1
- Eksodus 20:11
- Heidelbergse Kategismus Sondag 9:26

1.2. Die Vader onderhou en regeer die wêreld

- Johannes 3:27
- Romeine 13:1-7
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 12

KERNGEDAGTE: God die Vader het alles wat bestaan ***geskep*** en Hy ***onderhou*** en ***beheer elke oomblik, ieder en elke atoom.***

## 2. GOD DIE SEUN (JESUS CHRISTUS)

- Johannes 1:1-3
- Hebreërs 1:1-32
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 10

### 2.1. Jesus is gebore uit die maagd Maria

- Jesaja 7:14
- Matteus 1:18-24
- Heidelbergse Kategismus 11:29 & 12:31 & 14:35,36
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 18 & 19

### 2.2. Jesus het sy hele lewe en veral aan die kruis vir ons gely

- Jesaja 53
- Matteus 27
- Heidelbergse Kategismus Sondag 1:1 & 5:15 & 6:16-18 & 15:37-39 & 16:44
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 21

### 2.3. Jesus het opgestaan uit die dood

- Matteus 28
- Johannes 20:1-18
- Heidelbergse Kategismus Sondag 17:45

## 2.4. Jesus het na die hemel opgevaar en is Koning aan die Vader se regterhand

- Lukas 24:50-53
- Johannes 16:7
- Handelinge 1:6-14 & 2:1-13
- Heidelbergse Kategismus Sondag 18:46
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 26

KERNGEDAGTES:

Jesus Christus:

a. is ***ware en ewige God***;
b. het ***ware mens*** geword deur die ***verwekking van die Heilige Gees*** in die ***maagd Maria***;
c. het op aarde ***versoekinge*** beleef, ***hartseer*** ervaar en ***gely*** deur soveel ellende, ***sonder om vir een oomblik te sondig;***
d. is ***gekruisig*** en het ***nie 'n skyndood aan die kruis gesterf nie*** - daarom is sy liggaam ook letterlik ***begrawe***;
e. het drie dae na sy begrafnis, ***letterlik*** uit die dood ***opgestaan*** en het aan verskeie oor- en ooggetuies verskyn, wat dus sy opstanding bevestig;
f. het met Sy menslike liggaam ***opgevaar*** na die hemel, waar Hy nou ***heers as Koning***;
g. Hy berei vir ons plek voor, sodat ons ***na ons sterwe vir ewig by Hom*** sal wees.

## 3. GOD DIE HEILIGE GEES

- Genesis 1:1,2
- Psalm 139:7
- 1 Korintiërs 2:11-14
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 11

### 3.1. Die Heilige Gees herskep en heilig my

- Esegiël 36:27 & 37:9
- Joël 2:28,29
- Johannes 6:44
- Filippense 3:3
- Galasiërs 5:19-26
- 1 Petrus 4:14

### 3.2. Die Gees verbind my met Christus en Sy Liggaam

- Efesiërs 1:10, 22-23 & 2:14-18
- Heidelbergse Kategismus Sondag 20,21

### 3.3. Die Heilige Gees vertroos ons

- Psalm 23:4
- Johannes 14:16 & 15:26
- Romeine 15:13
- 2 Korintiërs 1:3,4
- Heidelbergse Kategismus Sondag 20:53

KERNGEDAGTE: Die Heilige Gees is ***ware en ewige God*** en Hy maak ***ons kinders van God.***

## | *kyk & luister*

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Hoe dink jy oor jou verhouding met God en hoe beïnvloed dit jou verhouding met Hom, noudat jy weet, dat God jou Vader is?

___

___

___

2. Glo jy dat Jesus letterlik uit 'n maagd gebore is? Hoekom?

___

___

___

3. Het Jesus letterlik en liggaamlik uit die dood opgestaan? Kan jy 'n paar bewyse gee?

___

___

4. Hoe raak dit jou (wat baat dit jou), dat Jesus gely het?

5. Het die Here jou nuutgemaak deur Sy Heilige Gees en hoe weet jy dit/hoekom weet jy nie?

Is daar enige vrae of ander opmerkings oor God die Vader, Seun en Gees, wat jy wil bespreek?

## | *deel & doen*

**’n Paar idees:**

- ☐ Gesels met iemand wat werk of belangstel in die veld van anatomie/biologie/wetenskap en vra hom/haar hoe hy/sy dink die wêreld tot stand gekom het. Gebruik die geleentheid om te praat oor God se skepping- en onderhoudingswerk.

- [ ] Die Here se Heilige Gees verenig gelowiges met mekaar - reik uit na iemand in die gemeente.
- [ ] Gebruik sosiale media om video's of artikels van die bewyse vir Jesus se opstanding te deel.

**WEEK 4**

# Wie is ek?

## | ***lees & oordink***

1. EK IS GESKAPE NA GOD SE BEELD

- Genesis 1:26-28 & 2:7
- Efesiërs 4:24
- 1 Korintiërs 11:7
- Jakobus 3:9
- Heidelbergse Kategismus Sondag 3:6
- Dordtse Leerreëls 3/4:1

KERNGEDAGTES: Die mens is deur God ***geskape*** en het ***nie deur 'n evolusie-proses*** vanuit 'n ander diere-spesie ontwikkel nie.

Alle mense:

a. het 'n ***onsterflike gees***;
b. is geestelike en rasionele wesens met 'n ***gewete*** en ***morele*** aanvoeling;
c. is geskape ***aanbidders*** wat wil aanbid en iets of iemand soek om te aanbid.

## 2. DIE SLEGTE NUUS: EK IS (WAS) DOOD IN MY SONDE

### 2.1. Ek is in sonde gebore en maak my sonde elke dag meer

- Genesis 3
- Psalm 51:5
- Romeine 1:18-20 & 3:9-19
- Heidelbergse Kategismus Sondag 3:7
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 14 & 15
- Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1:1

KERNGEDAGTES: Adam is die ***federale hoof*** van die hele mensdom en het met sy ongehoorsaamheid aan God, sy hele menslike nageslag in sonde gedompel (=***sondeval***).

***Elke mens*** wat ná Adam gebore is, word gebore ***onder die vloek*** van Genesis 3:14-20 en erf daarom die sonde van Adam (=***erfsonde***).

Selfs n*á* die sondeval ***weet alle mense wie God is***, maar hulle ***onderdruk daardie kennis***.

### 2.2. Die wet wys my wat my sonde is

- Eksodus 20
- Matteus 5:17-48
- Romeine 3:20 & 5:13 & 7:23-25
- Heidelbergse Kategismus Sondag 2

KERNGEDAGTE: Wanneer ek my gedagtes en optrede meet aan die letter en die gees van die ***wet***, sien ek dat ek nie een van die Tien Gebooie kan onderhou nie en daarom is ***ek as individu 'n sondaar, skuldig voor God.***

2.3. Ek is (was) geestelik dood en laat my deur duiwels lei

- Efesiërs 2:1-3
- Kolossense 1:21

KERNGEDAGTE: Aangesien ek geestelik dood is (was), is (was) ek 'n slaaf van Satan en die sonde - ek is (was) ***onder duiwelse beheer*** en ***onder God se oordeel.***

2.4. Ek (het) verdien om deur God verdoem te word

- Efesiërs 2:3
- Romeine 3:19,20
- Heidelbergse Kategismus Sondag 3:8 & 4:10
- Dordtse Leerreëls 1:4, 5

KERNGEDAGTE: Aangesien ek God se wet elke dag oortree (waarvan my eie gewete self kan getuig), sal (sou) God my weens my sonde en oortredinge ***oordeel*** en vir ewig ***verdoem.***

## | ***kyk & luister***

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Glo jy dat alle mense na God se beeld geskape is?

2. Glo jy dat almal van geboorte af sondig is? Ook al het baie jong baba’s nog nie self ’n sondige daad gedoen nie?

3. Wanneer en hoe het die Here jou bewus gemaak van jou sonde en jou verlorenheid?

4. Hoekom het God jou geskep - wat is Sy plan met jou lewe?

Het jy enige ander vrae of opmerkings wat jy graag sou wou bespreek?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

## | ***deel & doen***

**’n Paar idees:**

- ☐ Gebruik Bybelse beskrywings vir sonde in jou gesprekke en nie die wêreld se beskrywings nie (bv. iemand wat “soms dronk word” is volgens Bybelse definisie ’n “dronkaard” en “afgodsdienaar”). Die woorde sal vir mense vreemd klink en dalk aanstoot gee, want jy het die sonde ontbloot vir wat dit is.
- ☐ Vra ’n vriend/kennis/vreemdeling of hy/sy dink daar is “goeie mense” (gebruik die wet om uit te wys, dat almal voor God skuldig staan).
- ☐ Dalk ken jy iemand wat ’n voorstander is van aborsie - verduidelik hom/haar dat selfs die ongebore baba na God se Beeld geskape is.
- ☐ Dalk ken jy iemand wat ’n rasse-teologie handhaaf (bv. die Israel-visie). Verduidelik vir hom/haar dat mense van ander rasse ook na God se Beeld geskape is.

**WEEK 5**

# Die Evangelie en die uitwerking daarvan

## | ***lees & oordink***

1. DIE GOEIE NUUS VAN JESUS CHRISTUS SE VERLOSSING!

- Jesaja 53:5-7
- Matteus 28:5,6
- Johannes 11:25,26
- 1 Korinthiërs 15:20,21
- 2 Korinthiërs 5:21
- Heidelbergse Kategismus Sondag 5:15 & 6:16-19 & 7:20,21
- Dordtse Leerreëls 1:4-7

KERNGEDAGTE: ***Jesus Christus*** het die ***prys van ons sondeskuld betaal*** wat ons ***nooit kon bekostig nie.***

Jesus Christus het ***vir ons die vergifnis van ons sondes en die ewige lewe gegee wat ons nooit verdien nie***!

## 2. JESUS CHRISTUS SE VERLOSSING IS NET VIR DIE WAT HOM ERKEN EN AANVAAR!

- Johannes 1:12-13
- Efesiërs 2:8
- Galasiërs 2:16
- Romeine 10:9
- Heidelbergse Kategismus Sondag 7
- Dordtse Leerreëls 1:4-6 & 2:6,7

KERNGEDAGTES: ***Nie almal word gered nie.***

***Om gered te word***, moet jy ***Jesus Christus*** as die ***Messias erken en ook aanvaar*** dat Hy ***jóú Verlosser is***.

## 3. JESUS CHRISTUS VERANDER JOU HELE LEWE!

- Esegiël 11:19
- Johannes 7:38
- Romeine 6:1
- Kolossense 3:5-17
- Dordtse Leerreëls 3/4:11

KERNGEDAGTE: As ek Jesus Christus as Verlosser erken en aangeneem het, moet ek ook ***bekeer*** en ***my hele lewe aan Hom oorgee (=dissipel wees)***!

## | *kyk & luister*

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Skryf vir jouself die Evangelie neer in een of twee sinne.

2. Het jy al die Evangelieboodskap aanvaar en Jesus Christus aangeneem, of is daar iets wat jou verhinder om dit te doen?

3. Hoe het die Evangelie jou lewe verander?

4. Hoe deel ’n mens die Evangelie met iemand?

Het jy enige ander vrae of opmerkings wat jy graag sou wou bespreek?

## | *deel & doen*

**AS JY NOG NIE DIE HERE JESUS CHRISTUS ERKEN EN AANVAAR HET AS DIE LAM VAN GOD WAT GESTUUR IS OM JOU SONDES OP HOM TE NEEM NIE, DOEN DIT VANDAG NOG!**

**HY SAL JOU VERGEWE EN AAN JOU DIE EWIGE LEWE GEE!**
**DAAR IS GEEN KANS OP BEKERING NA JOU DOOD NIE!**
**SOLANK AS WAT JY DIT NIE DOEN NIE, IS JY DOOD IN JOU SONDE EN ONDER GOD SE VERDOEMENDE OORDEEL!**

> *“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.” (2 Korinthiërs 5:21)*

**’n Paar idees:**

- [ ] Maak seker jou antwoord by vr. 1 (onder “doen en bespreek”) is Bybels en as dit is, deel dit op sosiale media, met ’n boodskap of in ’n gesprek.
- [ ] Stuur vir iemand in jou gemeente/’n vriend of kennis ’n video of artikel wat die Evangelie verduidelik.
- [ ] Neem ’n pamflet wat die Evangelie verduidelik en deel dit vir iemand uit.

**WEEK 6**

# Die wedergeboorte

## | *lees & oordink*

1. JY MÓÉT EERS WEERGEBORE WORD!

- Johannes 3:1-8
- Heidelbergse Kategismus Sondag 3:8
- Dordtse Leerreëls 3/4:9-11 & 17

KERNGEDAGTE: ***Sonder die wedergeboorte*** kan ***niemand Jesus erken of aanvaar en in God se Koninkryk ingaan nie***!

2. DIE WEDERGEBOORTE IS 'N WONDERWERK VAN DIE HEILIGE GEES!

- Johannes 1:12-13
- Efesiërs 1:19,20
- 1 Petrus 1:23
- Dordtse Leerreëls ¾:12-15

KERNGEDAGTES:

Die wedergeboorte:

a. ***vind nie plaas*** met die sakrament van die ***doop nie***;
b. is ***nie "oorerflik"*** (geneties) ***nie;***
c. kan deur ***geen mens bewerk word nie***;
d. is ***nie*** 'n blote ***aanpassing van gedrag of gewoontes nie***;
e. is ***wél*** 'n ***wonderwerk van God*** waarmee Hy met dieselfde ***skeppingskrag*** wat Jesus uit die dood opgewek het, ***ons wil (die dryfkrag agter ons besluite en begeertes) lewend en vry maak om Hom te dien en volg!***

3. WEDERGEBORENES DRA DIE VRUG VAN DIE HEILIGE GEES!

- Galasiërs 5:16-26
- 1 Johannes 1:7-10; 2:3-17; 3:9; 5:12-20
- Dordtse Leerreëls ¾:16 & 5:1,2,5,7

KERNGEDAGTES: Die ***vrug en werking van die Gees moet toenemend sigbaar word*** in die lewe van 'n wedergeborene.

Wedergeborenes:

a. het ***steeds sonde*** wat aan hulle vlees kleef;
b. ***haat egter nou hulle sonde*** en wil nie meer daarin bly lewe nie en dag-vir-dag ***groei*** hulle in hulle ***gehoorsaamheid.***

## 4. WEDERGEBORENES VOLHARD ENDUIT!

- Filippense 1:6
- Hebreërs 12:1
- Dordtse Leerreëls 5:4,6,8-10,12

KERNGEDAGTE: Deur die genadige werking van die Heilige Gees, sal en wil die wedergeborenes ***in geloof en gehoorsame bekering volhard*** totdat hulle sterf.

Ons letterlike geboorte as 'n illustrasie van ons geestelike wedergeboorte:

| **My fisiese geboorte** | **My geestelike wedergeboorte** |
|---|---|
| Die verwekking van 'n kind (lewe) is 'n gawe van God – 'n mens kan nie 'n lewe skep of vir iemand gee nie | My geestelike wedergeboorte is 'n gawe van God – 'n mens kan nie geestelike lewe skep of vir iemand gee nie |
| Sonder die beskikking van God, kan daar nie konsepsie en lewe wees nie | Sonder God se beskikking sal ek geestelik dood bly en kan daar nie geestelike lewe wees nie |
| Ek kon nie kies wanneer ek gebore word nie | Ek kan nie self kies om wedergebore te word nie |
| Die verloop en omstandighede rondom my geboorte was uniek en nie presies dieselfde as 'n ander baba s'n nie | Die verloop en omstandighede rondom my wedergeboorte is uniek en nie noodwendig presies dieselfde as ander Christene s'n nie |
| Daar is net een manier hoe 'n baba in die lewe gebring word en dit is deur geboorte | Daar net een manier hoe 'n mens die nuwe lewe deur die Heilige Gees ontvang en dit is deur die bonatuurlike proses van die wedergeboorte |
| Na geboorte was ek as baba in 'n totaal ander, nuwe lewe, buite die donker baarmoeder | Na my wedergeboorte is ek opgewek uit 'n geestelike dood en is ek nou in 'n totaal ander, nuwe lewe, buite die duisternis en in die Lig |

| | |
|---|---|
| Na geboorte het ek as baba konstant ’n volwassene nodig gehad om my op te pas, te troos en te voed, sodat ek sterk en volwasse kon word | Na my wedergeboorte los die Heilige Gees my nooit weer nie! Hy pas my nou konstant op, troos my en voed my met Sy Woord, sodat ek in die geloof kan groei en volwasse word (ons “heiligmaking”) |
| Maak nie saak wat met my as baba gebeur of wat ek as kind gedoen het nie, ek het altyd biologiese ouers en niks kan my biologiese verwantskap met hulle, my RNA (DNA) verander nie | Na my wedergeboorte is en bly ek altyd ’n kind van my hemelse Vader en niks wat met my gebeur of wat ek doen kan my geestelike RNA (DNA) verander nie |

## | *bespreek*

1. Hoekom moet jy eers wedergebore word voor jy kan glo en gered word?

2. Hoe kan ’n mens weer gebore word?

3. Is jy wedergebore en hoe weet jy dit/hoekom weet jy nie?

4. Vertel jou predikant, ouderling of Christen-vriend van die sonde of die probleem in jou lewe wat die werk van die Heilige Gees in jou lewe verhinder.

Het jy enige ander vrae of opmerkings wat jy graag sou wou bespreek?

## | *deel & doen*

**’n Paar idees:**

- ☐ Neem een aspek van die vrug van die Gees (Galasiërs 5:16-26) en spits jou daarop toe om dit teenoor mense rondom jou te doen vir die volgende week (bv. vriendelikheid). Neem daarna ’n volgende aspek vir ’n volgende week ensovoorts.
- ☐ Soek iemand in jou gemeente op wat vir ’n lang ruk nie meer kerk toe kom nie. Praat met hom/haar oor die wedergeboorte en volharding in die geloof.

**WEEK 7**

# Lidmaat van die Kerk

## | *lees & oordink*

1. WEDERGEBORENES IS DEEL VAN DIE ONSIGBARE KERK VAN JESUS CHRISTUS

- Matteus 16:18-19
- Efesiërs 1:23
- Kolossense 1:24
- Heidelbergse Kategismus Sondag 21:54,55
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27-33

KERNGEDAGTE: Jesus Christus is die ***Hoof in die hemel*** en die ***ware Kerk is Sy liggaam op aarde***.

2. DISSIPELS VAN JESUS MOET 'N AKTIEWE LIDMAAT VAN DIE SIGBARE KERK WEES

- Matteus 28:19
- Handelinge 2:47

- Hebreërs 10:24,25 & 13:17
- Filippense 2:4-11
- 1 Tessalonisense 5:12-13
- Heidelbergse Kategismus Sondag 21:55
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 27-33

KERNGEDAGTES: Die ***Gees*** van Christus roep die lede van sy Liggaam ***in tyd en ruimte byeen*** om God Almagtig ***plaaslik*** te ***aanbid.***

Die Heilige Gees gee aan elke wedergeborene ***gawes***, waarmee hulle ***mekaar na liggaam en siel moet dien en opbou***.

Die Kerk word ***in die wêreld uitgestuur*** as dissipels van Jesus, om die Evangelie te ***verkondig*** en ***dissipels te maak***.

## 3. DIE WOORDBEDIENING EN SAKRAMENTE AS GENADEMIDDELE VAN DIE GEES

- Matteus 28:19
- 1 Korinthiërs 11:23-28
- 2 Timotheus 4:1-5
- Romeine 10:14,15
- Galasiërs 1:8,99
- Heidelbergse Kategismus Sondag 25:65-68
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 33
- Dordtse Leerreëls 5:14

KERNGEDAGTE: Die ***Heilige Gees werk in ons deur middel van*** die suiwer ***verkondiging van die Woord en*** die gebruik van ***die twee sakramente***.

Die ware Kerk van Christus is ***Christus-gefokus***, ***Bybel-gefundeerd en dienend.***

***Die Woordbediening en sakramente*** is die hartklop van díé kerkgemeenskap.

### 3.1. Die doop

- Matteus 28:19
- Johannes 1:32,33
- Handelinge 2:37-41
- Heidelbergse Kategismus Sondag 26 & 27
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 34
- Dordtse Leerreëls 1:17

KERNGEDAGTES: Jesus Christus beveel 'n ***eenmalige Doop*** met die sigbare teken van ***water*** in die ***Naam van God die Vader, Seun en Heilige Gees.***

Die doop is die ***belofte van God,*** dat Hy die persoon ***in Sy verbond opneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afsonder***.

### 3.2. Die Nagmaal

- Matteus 26:26-28
- 1 Korintiërs 10:16,17; 11:17-34; 12:13
- Die Heidelbergse Kategismus Sondag 28 & 29
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 35

KERNGEDAGTES: Jesus Christus beveel die ***gereelde gebruik van die Nagmaal*** met die sigbare en tasbare tekens van ***brood en wyn*** wat ***saam met die gemeente*** geëet en gedrink word.

Die Nagmaal is God se gedurige bevestiging en herinnering, dat ons in die geloof ***deel is van Christus, ons Hoof***, en ook ***van die res van die gemeente, Christus se Liggaam.***

## | *kyk & luister*

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Is jy gedoop en wat beteken jou doop vir jou?

   __________________________________________________

   __________________________________________________

   __________________________________________________

2. Is jy deel van die ware Kerk? Hoekom/hoekom nie?

   __________________________________________________

   __________________________________________________

   __________________________________________________

3. Watter gawes het die Heilige Gees aan jou gegee?

4. Is jy tans ’n aktiewe lidmaat in die plaaslike gemeente wat jou gawes in die gemeente bedien? Waar en hoe?

5. Vier jy gereeld Nagmaal? Hoekom/hoekom nie?

Het jy enige ander vrae of opmerkings wat jy graag sou wou bespreek?

## | *deel & doen*

**’n Paar idees:**

- ☐ Raak betrokke by ’n uitreik of evangelisasie aksie/groep in jou gemeente.
- ☐ Stel vas watter gawes die Heilige Gees vir jou gegee het en vra jou predikant/ouderling/diaken hoe en waar jy daarmee in die gemeente werksaam kan wees.
- ☐ Bid vir jou predikant, sodat Hy die Woord suiwer en reg sal verkondig en bemoedig hom om getrou aan te hou.
- ☐ Bid vir eenheid in jou gemeente, veral wanneer julle Nagmaal vier en versoen jou met ander lidmate as jy ’n probleem met iemand het.

**WEEK 8**

# Die Bybel

## | *lees & oordink*

1. DIE BYBEL IS DIE GEÏNSPIREERDE WOORD VAN GOD

- 2 Timotheus 3:16,17
- Hebreërs 1:1 & 2:1-3
- 1 Petrus 1:10-12
- 2 Petrus 1:19-21
- Openbaring 22:18,19
- Heidelbergse Kategismus Sondag 6:19
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2-7

KERNGEDAGTES: Die Bybel is die ***Gees-geïnspireerde Woord van God*** wat deur ***mense geskryf is***.

In die Bybel maak God Homself op ’n ***besondere*** en ***meer volkome manier bekend***, as in die natuur.

Die Bybel:

a. is die ***gesagvolle*** Woord van God wat ons gewetens kan en moet bind;
b. is ***onfeilbaar*** en het altyd die regte uitwerking;
c. is ***foutloos*** in sy outograwe (oorspronklike manuskripte);
d. ***verklaar homself***.

2. GOD PRAAT MET ONS DEUR DIE WOORD

- Josua 1:8
- Psalm 119:11,105
- 1 Petrus 3:15
- Romeine 12:2
- Hebreërs 4:12

KERNGEDAGTE: Ons word ***vervul met die Gees*** en ons ***denke word vernuwe*** wanneer ons die ***Skrif oordink*** en ***gehoorsaam***.

**Hoe lees ek die Bybel?**

1. Bid en vra die Heilige Gees om die Bybel vir jou verstaanbaar te maak. Jy kan hierdie gebed as voorbeeld of riglyn gebruik:

   *"U is my goeie Vader, wat altyd die goeie wat ek van U vra, aan my sal gee (Luk. 11:9). U belowe, dat ek U sal vind, as ek na U soek (Luk. 11:9,10) en ek soek nou na U! U het my alreeds in Jesus Christus geseën met elke hemelse seëning (Ef. 1:3) en dit is díé seëninge wat ek nou by U met vrymoedigheid kom haal. Gee my asb. geeste-*

*like wysheid & openbaring en maak tog die oë van my hart oop sodat ek insig sal hê (Ef. 1:17) om te verstaan wat ek lees (Hand. 5:8). Ek wéét U kan & wil hierdie dinge van U Heilige Gees vir my gee, in die Naam van Jesus, die Christus (Luk. 11:13). Amen."*

2. Lees die Bybel met die oop gesindheid en vertroue dat God met jou gaan praat.
3. Lees gereeld en lééf in die Bybel!
4. Lees deur boeke van die Bybel en nie net los verse nie (begin bv. by Johannes).
5. Met elke geleentheid, vra:

   - wat maak God van Homself bekend?
   - watter beloftes is daar vir my om in geloof aan te gryp?
   - watter opdragte is daar vir my om te doen?
   - wat is daar in die gedeelte waarvoor ek kan bid?
   - wat is daar wat ek met iemand anders kan deel/vir iemand anders kan doen?

6. Kry vir jou 'n Studiebybel met aantekeninge en/of kommentare, om teksgedeeltes beter te verstaan.
7. Sluit aan by 'n Bybelstudiegroep in jou gemeente.

## | *kyk & luister*

Maak vir jouelf nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames

## | ***bespreek***

1. Watter gesag het die Skrif en hoekom sê jy so?

2. Waar en hoe is dit duidelik in jou lewe, dat die Here gesag oor jou lewe uitoefen deur Sy Woord?

3. Hoe praat God met jou?

4. Met watter Bybelboek is jy tans besig in jou persoonlike Bybelstudie?

Het jy enige ander vrae of opmerkings wat jy graag sou wou bespreek?

## | *deel & doen*

**’n Paar idees:**

- ☐ Vra ’n paar ander Christene of nie-gelowige vriende, om een keer ’n week saam met jou ’n kort gedeelte uit die Bybel te lees.
- ☐ Gaan na een of twee ouer of eensame lidmate in jou gemeente en lees vir hulle ’n gedeelte uit die Bybel en bid vir hulle.
- ☐ Deel iets wat jou geraak het tydens jou persoonlike Bybelstudie met iemand.
- ☐ Memoriseer ’n vers van jou keuse elke week.

**WEEK 9**

# Gebed

## | *lees & oordink*

1. GEBED IS OM GOD IN GEES EN WAARHEID AAN TE ROEP

- Johannes 4:24
- Romeine 8:26
- Hebreërs 4:16 & 11:6
- Heidelbergse Kategismus Sondag 45-52
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 26

KERNGEDAGTES: Deur gebed bring die ***Heilige Gees ons wil*** al hoe meer ***"in lyn" met God se wil.***

***Die wat glo, moet bid!***

## 2. GEBED IS HOE GELOWIGES MET GOD PRAAT

- Matteus 7:7-9 & 21:22
- 1 Petrus 3:7
- Jakobus 1:5,6

KERNGEDAGTES: Om ***God*** in ***gees en waarheid aan te roep*** is die basiese en ***fundamentele uitlewing van ons geloof*** as dissipels van Jesus Christus.

Die wet van God se Koninkryk, of ons daarvan hou of nie, is om van God te ***vra***!

***Die wat bid, moet glo!***

**Hoe bid ek?**

1. Vind 'n plek van afsondering om in stilte met God te praat.
2. Neem 'n liggaamsposisie in wat getuig van jou nederigheid teenoor God.
3. Praat met God - bid vir Sy Koninkryk, jou behoeftes, vra vergifnis vir jou sondes, bid vir ander mense se behoeftes, loof die Here vir Sy goedheid, genade en guns.
   (As jy nie woorde het om te bid nie, kan jy die Onse Vader gebed bid in Matteus 6:9-13)
4. Wanneer jy bid, gló:

   - dat God bestaan en dat Hy jou Vader is deur Jesus Christus;
   - dat Jesus Christus vir jou intree as jy bid en dat Hy jou goedgesind is;

- dat die Here jou gebed deur Sy Heilige Gees vir Hom aanvaarbaar sal maak;
- dat God by magte is om te kan doen wat jy vra.

5. Verwag dat God jou sal antwoord, kyk uit daarvoor en dank God wanneer die antwoord kom!
6. Bid elke dag, soveel as moontlik!

## | *kyk & luister*

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Waarom moet ons bid, as God elk geval weet wat ek vra en gaan doen wat Hy wil?

2. Sê die Skrif daar is sekere dinge wat ons gebede kan verhinder? Lys dit hier en ondersoek jouself, of jou gebede nie dalk verhinder word nie.

3. Kan jy gereeld met vrymoedigheid bid? Hoekom/hoekom nie?

Enige ander vrae wat jy graag tydens ons gesprek wil bespreek?

## | *deel & doen*

**’n Paar idees:**

- ☐ Vra ’n paar ander Christen vriende, om een keer ’n week saam met jou ’n kort gedeelte uit die Bybel te lees en te bid.
- ☐ Bid vir iemand wat siek is, swaarkry, hartseer is, bly is, dankbaar is ensovoorts en laat weet hulle dat jy aan hulle dink in jou gebede.
- ☐ Vra jou predikant, ouderling of diaken of daar iets is waarvoor jy vir hulle of die gemeente kan bid.

**WEEK 10**

# Die laaste dae

## | *lees & oordink*

1. DAAR IS SLEGS TWEE EINDBESTEMMINGS VIR 'N MENS!

- Matteus 10:28
- Lukas 16:19-31
- 1 Thessalonisense 4:14
- 2 Tessalonisense 1:3-12
- Heidelbergse Kategismus Sondag 16:42

KERNGEDAGTES: Die wat in hulle lewe in die ***geloof en bekering volhard*** het, díé se gees sal ***direk na hulle dood na Jesus Christus geneem word.***

Die wat ***nie die Evangelie geglo het en tot bekering gekom het of enduit volhard het nie***, díé se gees sal ***direk na hulle dood na die doderyk gaan.***

***Daar is geen moontlikheid om te bekeer ná die dood nie!***

## 2. JESUS CHRISTUS SAL WEER KOM EN ALLE MENSE OPWEK EN OORDEEL!

- Matteus 12:36
- 1 Korintiërs 15
- 2 Korintiërs 5:10
- 2 Petrus 3
- 1 Tessalonisense 4:16 & 5:1-11
- Openbaring 7:9 & 20:11

KERNGEDAGTES: ***Jesus Christus sal weer na die aarde kom*** en op daardie Oordeelsdag almal wat gesterf het se ***gees weer verenig met hulle liggame***. Die wat nog nie gesterf het nie, ***se liggame sal in 'n oogwink verander***!

Christus sal op die dag ***almal se gewetens ontbloot*** en ***alle mense oordeel ooreenkomstig hulle gedagtes, gewetens, woorde en dade:***

a. die wat ***in lewe in hulle geloof in Christus volhard het,*** sal finaal ***vrygespreek*** word, omdat hulle met Christus se bloed gewas en ***vergewe*** is;
b. die wat ***in lewe ongelowig gebly het of nie in die geloof volhard het nie***, sal ooreenkomstig hulle bose dade ***vergeld*** word.

## 3. GOD SAL DIE AARDE NUUT MAAK EN 'N EWIGE POEL VAN VUUR TOT STAND BRING!

- Jesaja 65:17-25
- Haggaï 2:6
- Markus 9:41
- Hebreërs 10:35 & 11:26

- Romeine 8:18-30
- Openbaring 22
- Heidelbergse Kategismus Sondag 17:45 & 19:52
- Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 37

KERNGEDAGTES: Die ***ongelowiges*** en die wat ***nie in die geloof volhard het nie***, sal met die Oordeelsdag ***in die poel van vuur (=Gehenna/hel) gewerp word***, saam met die Satan en sy duiwels.

***Die wat in hulle geloof in Christus volhard het,*** sal op die Oordeelsdag:

a. hulle ***beloning en kroon*** vir hulle lyding en volharding ***ontvang!***
b. saam met God in die Nuwe Jerusalem op die nuutgemaakte aarde vir ewig woon!
c. geen sonde, verdriet, pyn of dood meer ervaar nie!

## | *kyk & luister*

Maak vir jouself nota's van opmerkings, vrae of besprekingspunte wat jy dalk mag hê na aanleiding van die video's en opnames.

## | *bespreek*

1. Hoe word my naam in die Boek van die Lewe geskryf en hoe kan ek weet of my naam daarin staan?

____________________

____________________

2. Hoe beïnvloed en bepaal ’n Bybelse perspektief op die eindtye, jou huidige lewe? Hoekom sê jy so?

3. Is dit belangrik om te glo, dat hierdie liggaam wat jy nou het, weer opgewek sal word? Hoe beïnvloed dit jou siening van jou liggaam?

4. Beskryf wat die hel is en wat die Skrif daaroor leer?

5. Wat gaan ons doen en wat gaan gebeur op die nuwe aarde?

Enige ander vrae wat jy graag tydens ons gesprek wil bespreek?

## | *deel & doen*

**’n Paar idees:**

- [ ] Gaan na jou ongelowige vriend/vriendin en waarsku hom/haar dat daar ’n Oordeelsdag kom. Vertel ook vir hom/haar dat daar verlossing is wanneer hy/sy die Evangelie van Jesus Christus glo!
- [ ] Gaan vertroos ’n Christen wat ’n geliefde aan die dood afgestaan het, met die beloftes van die ewige lewe en dat ons weer ons medegelowiges sal sien!
- [ ] As die geleentheid oor jou pad kom - waarsku mense, dat daar nie geleentheid vir bekering na die dood is nie. Hierdie lewe is ons enigste kans om te glo en gered te word!
- [ ] Gaan bemoedig iemand wat in pyn is, of gestremd is, of siek is met die beloftes van die opstanding uit die dode en dat ons wat in Christus glo ’n nuwe, verheerlikte liggaam sal ontvang!

**ADDENDUM**

# Voorbereiding vir my openbare belydenis van geloof

- Deuteronomium 6:1-9
- Joshua 24
- 1 Timotheus 6:12
- Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof

’n Openbare geloofsbelydenis is glad nie ’n vreemde idee nie, inteendeel, ons vind dit oraloor in die Skrif. 1 Timotheus 6:12 maak dit ook vir ons duidelik dat ’n openlike verklaring van wat ons glo nie vreemd is nie, maar eintlik van ons verwag word: “Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het”.

Dit is ook die taak van leraars en ouderlinge om as herders toe te sien dat lidmate hulle geloof volgens die gesonde leer sal bely en hulle lewe daarvolgens inrig, sodat hulle nie in die gevaar van dwaalleer kom nie (2 Tim. 4:1-4; Hand. 20:25-31; Tit. 1:7-2:1). Ons moet oppas vir dwaalleer (1 Joh. 4:1-6).

Onderrig en die aanleer van God se Woord (katkisasie) was reeds by die vroeë Christelike kerk van groot belang vir elke nuwe gelowige wat gedoop is en deel van die genadeverbond geword het. Voordat hierdie nuwe bekeerlinge (gewoonlik volwassenes) in die kerk opgeneem kon word, moes hulle eers die kernaspekte van die Christelike leer aanleer en deur die geloof hulle eie maak.

In die Middeleeue het dit gebeur dat kinders nie meer goed in die Christelike leer onderrig is nie. Die praktyk van kinder-katkisasie is toe reeds (ongeveer 1525nC) in die kerk ingebring. So word die kinders toe ook van kleins af geleer wat die kernwaarhede van die Christelike leer is. Hulle kon toe ook laterhand met goeie begrip en oortuiging in die publiek hulle geloof bely.

Wanneer jy in die openbaar belydenis van jou geloof aflê, dan neem jy daarmee die verantwoordelikheid van God se verbond op jou skouers. Jy sê dat jy nou ook ’n Christen is en jy wil onder Christus se heerskappy lewe. Jy sê, dat jy ook in die Nuwe Verbond wat in Jesus aangebreek het, aangryp en van Jesus jou volkome verlossing verwag!

Wanneer jy belydenis van geloof aflê, maak jy dit dus in die openbaar bekend, dat jy ook ’n dissipel van Jesus Christus is!

## GEREELDE VRAE RONDOM BELYDENIS AFLEGGING

### 1. Moet ek eers belydenis aflê voor ek verlos word?

Nee, belydenis aflegging is nie ’n voorwaarde vir ons verlossing nie. Slegs deur die geloof in Christus word ons genadiglik gered (Ef. 2).

2. Is ek eers deel van die kerk as ek belydenis afgelê het?

In een opsig, ja en in 'n ander, nee.

Nee, want jy word alreeds 'n volwaardige lidmaat van die verbondsgemeenskap (Kerk) sodra jy gedoop is. Die Here maak ons uit loutere genade deel van Sy Kerk en nie deur verdienstes of allerhande rituele nie.

Ja, want wanneer jy belydenis aflê bevestig en erken jy, dat die beloftes wat die Here tydens jou doop aan jou gemaak het, ook vir jou waar en seker is. Die volheid en eenheid van die verbondsgemeenskap word vir jou oopgesluit as jy ook getuig dat jy in Christus glo.

3. As hierdie formele belydenisaflegging dan nie nodig is vir my verlossing of deelname aan die kerk nie, waarom moet ek dit dan doen?!

a. Geloofsbelydenis is iets wat die ware gelowiges wil doen, omdat hulle duidelik en hoorbaar vir ander gelowiges (en vir die wêreld!) bekend wil maak dat hulle in Jesus Christus glo. Wanneer jy jou geloof bely, bevestig dit dat jy ook een is met die res van die Liggaam (Kerk) van Christus.
b. Geloofsbelydenis bevestig aan die res van die gemeente en al die engele, dat jy werklik 'n Christen is. Uit jou dade kan 'n mens sien dat jy 'n Christen is, maar jy moet ook die woord by die daad voeg. "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word" (Rom. 10:9)

4. Hoekom mag ek nie Nagmaal vier of my kind laat doop, as ek nog nie self belydenis van geloof afgelê het nie?

Die heilige sakramente is kragtige tekens wat Jesus self vir Sy Kerk gee. Daarmee bekragtig Hy die beloftes van die Evangelie aan Sy kinders. Die sakramente is daarom gereserveer vir die wat deel is van God se Koninkryk. Die sakramente is nie vir almal bedoel nie, want nie almal het deel aan God se Koninkryk nie (Matt. 6:29, 1 Kor. 6:9).

Slegs iemand wat getuig, in leer en lewe (woord en daad) dat Hy deel is van God se Koninkryk mag toegelaat word om deel te hê aan die ryke ervaring en beloftes van die sakramente (Matt. 7:21).

5. Wat moet ek alles verstaan, aanvaar en glo voor ek belydenis kan aflê?

Alles wat in hierdie boekie behandel is.

## 'N PAAR PRAKTIESE REELINGS EN HULPMIDDELS VIR BELYDENIS AFLEGGING

(Die formulier vir belydenis aflegging is agter-in die Psalmboeke afgedruk en sal ook aan jou voorgelees word wanneer jy belydenis aflê. Die vrae in daardie formulier, is die vrae waaroor jy sekerheid moet hê en in alle opregtheid moet antwoord.)

a. Jy moet geloofsbelydenis aflê, omdat jy opreg die Christelike leer glo en nie omdat dit maar net die volgende stap in jou lewe is, of omdat jou vriende dit doen nie.

b. Jou geloofsbelydenis is ’n saak tussen jou en die Here, maar ook tussen jou en die gemeente. Wanneer die Here jou gelei het, dat jy jou geloof in die Here wil bely, moet jy jou voorneme ook aan die gemeente bekendmaak, d.m.v. die kerkraad. Jy kan dit doen deur met jou ouderling of predikant ’n gesprek te voer en dan ook ’n brief te skryf vir die kerkraad, waarin jy jou oortuiging en rede vir belydenis-aflegging gee.

c. ’n Paar ouderlinge sal hierna graag by jou besoek wil aflê. Jy moet nie hierdie besoek sien as ’n eksamen nie, maar eerder as ’n mooi geleentheid om oop en eerlik te praat oor die pad wat die Here met jou gestap het en hoekom jy in die gemeente jou geloof wil bely. Die ouderlinge sal ook aan die res van die kerkraad terugvoer gee.

d. Op die dag van jou belydenis aflegging, sal die predikant tydens die erediens vra dat jy vorentoe kom, om te luister na die formulier. Tydens die formulier is daar vrae waarop jy opreg “ja” moet antwoord. Hierna word jy ook hartlik verwelkom in die gemeente en is die volle eenheid van die geloofsgemeenskap ook vir jou ontsluit!

Gaan deur die formulier vir die aflegging van belydenis (agter-in die Psalmboek) en maak nota’s van enige vrae of opmerkings wat jy mag hê, sodat ons dit kan bespreek.

Die naam vir die boekie kom uit Filippense 2:12, waar Paulus die gemeente aanmoedig om die verlossing wat hulle in Christus ontvang het, ook nou praktyk te maak. Dit beteken nie dat ons onsself kan of wil red nie (ons eie heil kan bewerk nie). Inteendeel. Dit beteken om as Christene daadwerklik vir onsself uit te maak wat ons Christenskap beteken en ook te lééf soos Christene. Gehoorsaamheid is die bewys van ons geloof.

Vir jou, wat:

- Nuut is tot die Christelike geloof;
- Graag weer jouself wil opskerp in die grondbeginsels van die Christelike geloof;
- Wil weet wat dit beteken om 'n dissipel van Jesus te wees;
- Wil voorberei om belydenis van geloof af te lê.

SCRIPTURA PUBLIKASIES
DIE HELE SKRIF IS DEUR GOD GE-ASEM
1 TIM 3: 16,17